UNOFFICIAL TRANSLATION

Stockholm-verklaring

Beweging na ’n konsensus oor die beginsels van die beleidmaking vir die kontemporêre wêreld

Dertien ekonome, wat vier voormalige Hoof-ekonome van die Wêreldbank ingesluit het, het oor twee dae by Saltsjobaden, Swede, op 16-17 September 2016 byeengekom, om die uitdagings wat vandag se beleidmakers in die gesig staar, te bespreek. Die vergadering is aangebied deur die Swedish International Development Agency en die Wêreldbank. Die groep het bestaan uit Sabina Alkire (Oxford), Pranab Bardhan (Berkeley), Kaushik Basu (New York), Haroon Bhorat (Kaapstad), Francois Bourguignon (Parys), Ashwini Deshpande (Delhi), Ravi Kanbur (Ithaca), Justin Yifu Lin (Beijing), Kalle Moene (Oslo), Jean-Philippe Platteau (Namur), Jaime Saavedra (Lima), Joseph Stiglitz (New York), en Finn Tarp (Helsinki en Kopenhagen). Teen die einde van die vergadering het die groep besluit om ’n verklaring uit te reik ten opsigte van die konsensus wat tussen hulle bereik is en dit staan bekend as die ‘Stockholm-verklaring’. Hiermee volg hierdie verklaring.

1 Die uitdaging van ontwikkeling

Vandag se wêreld gaan deur onstuimige tye. Wêreldkragte hou beide belofte en gevaar in. Ongekende tegniese vooruitgang beloof stygende lewenstandaarde, maar tog bevat dit ook die gevaar van verplaasde arbeid en werkloosheid onder die jeug. Die uitbreiding van handel en wêreldwye belegging het groei aangedryf en verskeie lae inkomste-lande tot middel inkomste-lande verskuif. Terselfdertyd is baie groepe in hierdie lande agterweë gelaat. Dieselfde is waar selfs in gevorderde ekonomieë, wat baie nadelig geaffekteer is deur die kragte van globalisering. Verder het lewenstandaarde self afgeneem in nasies wat vasgevang is in konflik en oorlog. Omgewingsdegradasie en klimaatsverandering stel die planeet in gevaar, en daadwerklike wêreldwye optrede word afgewag om hierdie dreigende gevare aan te spreek. Vinnige verstedeliking bied die vooruitsig van produktiwiteitswinste vanuit agglomerasie – maar kan ook die probleme van stedelike krotbuurte, armoede en konflik vererger.

Geen van hierdie neem enige-iets weg van die enorme vordering wat die wêreld gesien het in stygende inkomstes en verbeterde gesondheid en onderrig nie. Ons vier hierdie prestasies, en sien uit na die onvermydelike uitdagings wat beleidmakers in die gesig gaan staar. ’n Suksesvolle reaksie tot hierdie uitdagings lê in die ontwerp van beleide wat wêreldwye magte benut en ’n rigting inslaan na die belofte, eerder as die gevaar. Die ontwerp van sulke beleide vereis ’n duidelike visie oor die doelwitte van ontwikkelingsbeleid, en om te leer uit die suksesse en mislukkings van die verlede sowel as uit die kollektief van ekonomiese teorie en statistiese analise wat oor ’n lang tydperk geakkumuleer het.

Dit is nou duidelik dat sommige van die aanbevelings van meer tradisionele ekonomieë nie geldig was nie. Beleidmakers kan eenvoudig nie slegs vertrou op beleidsriglyne soos om die begrotingsaldo in toom te hou, die gebruik van monetêre beleid om inflasie te beheer, die verskaffing van makro-ekonomiese stabiliteit, en dit dan aan die mark oorlaat om die res te doen nie. Indien aanvaar word dat so ’n benadering groei sal promoveer wat na die armes afvloei, is nie ’n volhoubare uitgangspunt nie. Inderdaad is ’n gedeelte van ons huidige penarie ’n te noue voldoening aan hierdie ouderwetse advies.

Hierdie verklaring lê nie ŉ bloudruk vir beleid uit nie, maar ŉ stel beginsels wat ons hoop land-vlak-beleide kan omlyn en wêreldwye diskoers kan promoveer sowel as die ontwerp van multilaterale beleide. Hierdie beginsels word toenemend benodig in vandag se vinnig veranderende en globaliserende wêreld.

2 BBP-groei is nie opsigself ŉ doel nie

Ons glo dat, terwyl beleide om BBP te bevorder nodig is, moet dit nie opsigself ŉ doel wees nie, maar ŉ wyse om die hulpbronne te skep wat nodig is om ŉ hele reeks sosiale doelwitte te bereik, wat gesondheid, onderrig, werkskepping, sekuriteit, sowel as verbruik insluit. Individuele welstand is multidimensioneel en beleid behoort te poog vir verbeteringe in al die dimensies wat vir die samelewing waardevol is, nie net welstand nie. Daar is, byvoorbeeld, ŉ behoefte daaraan om beter voeding te bied aan alle voorskoolse kinders, en om te verseker dat almal toegang tot basiese gesondheidsorg het, en om te erken dat hierdie heeltemal binne ŉ haalbare realiteit is. Indien die korrekte beleide nie in plek is nie, kan BBP-groei na vore kom ten koste van die dimensies van welstand, insluitend dié verbandhoudend aan plaaslike omgewings- en wêreldwye klimaatsdegradering. Dit is ook die moeite werd om in ag te neem dat BBP-groei opsigself nie kan lei tot die uitwissing van onderdrukkende norme en diskriminerende praktyke teen kwesbare groepe nie. Hierdie vereis normaalweg doelbewuste intervensies.

Ons besef die behoefte om te erken dat geen enkele voorskrif toepaslik geag gaan word vir *alle* ekonomieë nie. Kulturele en sosiale kontekste verskil, net soos geskiedenisse. Hierdie lei tot verskillende aspirasies in verskillende samelewings, en speel ook ŉ rol in die bepaling van wat gaan werk en wat nie gaan werk nie. In die verlede was daar ŉ geneigdheid om ŉ uniforme beleidskode (ontwikkel in die een of ander ryk land) vir alle lande voor te skryf. Terwyl wye beleidsbeginsels bestaan wat ons almal ag op moet slaan, moet daar ruimte wees vir diversiteit en konteks-spesifisiteit van beleid.

3 Ontwikkeling moet inklusief wees

Ons glo dat beleid moet help om te verseker dat onwikkeling sosiaal en ekonomies inklusief moet wees, en nie groepe van die bevolking agterlaat nie – of dit geïdentifiseer word deur geslag, etnisiteit of ander sosiale aanduiders. Daar behoort ŉ spesifieke fokus te wees op ekstreme ontneming in die reeks dimensies van welstand, en spesifiek op individue wat gebuk gaan onder gelyktydige ontneming op verskeie dimensies. Maar ŉ fokus op die mees ontneemde is nie genoeg nie. Die gaping tussen ryk en ander, en regoor opvallende sosiale groeperings, is ook belangrik. Die skerp toename in ongelykheid van inkomste en rykdom oor die afgelope dekades en die waargenome vlak van ongelykheid van geleenthede in toegang tot basiese dienste – soos gesondheid en onderrig – is eties onverdedigbaar, ondermyn sosiale kohesie, en vuur ŉ spiraal van beleidkaping deur die elite aan, wat ongelykheid verder vererger. Hoë ongelykheid is geneig om armes van hul stem te ontneem en lei dus tot ŉ verswakking van demokrasie. Die bemagtiging van vroue en van histories gediskrimineerde groepe is in eie reg ŉ prioriteit, maar dit verskaf ook ŉ gegronde basis vir ekonomiese doeltreffendheid. Wanneer daar politieke onstuimigheid en sosiale konflik is, is ontwikkeling nie moontlik nie; en waar ontwikkelingsbeleide nie inklusief is nie, gaan dit

waarskynlik sosiale konflik tot gevolg hê. Oor die algemeen is inklusiewe ontwikkeling die enigste sosiaal en ekonomies volhoubare vorm van ontwikkeling.

4 Omgewingsvolhoubaarheid is ’n vereiste, nie ’n opsie nie

Hoewel dit binne elke lands- en streekskonteks verskillend gemedieer en implementeer gaan word, glo ons dat ontwikkelingsbeleidmaking omgewingsvolhoubaarheid as ’n sentrale doelstelling moet aanneem. Hierdie is direk verwant aan plaaslike omgewingsdegradasie, waar inkomstegroei in isolasie ’n valse aanduider van welvaart en vooruitgang kan skep. Verder kan mededinging oor hulpbronne en omgewingsverwante migrasie lei tot onsekerheid en konflikte wat ontwikkeling ondermyn. Op globale vlak is klimaatsverandering ’n langtermyn bedreiging tot die lewensvatbaarheid van die planeet en, insgelyks, ’n kort- tot mediumtermyn bedreiging tot lewensbestaan, landbou en habitat in baie lande. Mitigasie-pogings moet eerstens nagestreef word en dan ook met die globale vlak op die voorpunt, terwyl aanpassingsbeleide aktiewe intervensie en ondersteuning op nasionale en plaaslike vlakke vereis. Hierdie is probleme wat nie aan die vryemark gelaat kan word om op te los nie. Regulerende intervensies deur die staat en ’n bepaalde aantal multi-land-beleidskoördinasie is onontbeerlik.

5 Die behoefte om mark, staat en gemeenskap te balanseer

Met hierdie doelstellings inaggenome sowel as die wêreldwye uitdagings wat die wêreldsgemeenskap in die gesig staar, moet ontwikkelingsbeleid bou op ’n oordeelkundige balans tussen staat, mark en gemeenskap. Dit is belangrik om te erken dat markte self sosiale instellings is wat ’n behoefte het aan ’n raamwerk vir doeltreffende regulering om aan hul belofte om doeltreffende ekonomiese allokering van hulpbronne gestalt te doen. Verder, selfs waar markte doeltreffendheid lewer, het hul geen natuurlike geneigdheid om inklusiwiteit en gelykheid te lewer nie. Soos ons nou weet, is hongersnood versoenbaar met vryemarkdoeltreffendheid. Die neiging na onbelemmerde markte oor die laaste kwarteeu verduidelik ’n reeks uitkomste waarin die wêreld homself tans bevind, insluitend finansiële krisisse, onhoudbare vlakke van ongelykheid en onvolhoubaarheid.

Terwyl ons bewus is van wat markte op hul eie kan doen, besef ons dat die staat self doeltreffend moet kan bestaan. Daar is baie wyses waarin lande verby markte kan gaan – daar is belangrike rolle wat deur die regering gespeel moet word op verskeie vlakke en deur die menige vorme wat die burgerlike samelewing kan aanneem, soos koöperatiewe, verenigings en NWO’s. Die nasiestaat moet nie take aanneem wat eerder aan die mark of aan gemeenskappe oorgelaat moet word nie. Hierdie instellings werk dikwels op komplementêre wyses saam. Daar is kontekste waar die welstand van die mees ontneemde, beste bedien word deur die optrede van plaaslike groepe op gemeenskapsvlak. Selfs al moet ons onthou dat plaaslike gemeenskapsinstellings geken word daarvoor dat hulle gekaap kan word deur terughoudende magte, het burgerlike samelewingsorganisasies, op alle vlakke, ’n belangrike rol in die promovering en handhawing van sosiale kohesie.

Ons bevestig weer dat die staat onontbeerlik is in die daarstelling van die reëls van die spel en die daarstelling van ’n regulerende raamwerk waarbinne markte en gemeenskappe kan floreer en vooruitgang kan voortbring. Die groter sosiale kohesie en vertroue wat beter reëls van die spel koerster, sal ook lei tot minder ongelykheid, en terselfdertyd groei en welstand in al sy

dimensies promoveer. Die staat het ook ŉ onontbeerlike rol in areas waar markte nie goed werk nie – finansies, gesondheid en die omgewing as prominente voorbeelde – en waar daar duidelike inklusiwiteitsimperatiewe, soos vrouebemagtiging, die beskerming van kwesbare groepe, sowel as die aanspreek van uitermatige welvaart- en inkomste-ongelykhede – is. Dit het ook ŉ rol te speel in die vorming van industriële beleid en effektiewe landbou- en dienstesektor-beleide. Die staat moet siklusse van stygende ongelykhede, wat tot staatskaping lei, wat dan weer sosiale, politieke en ekonomiese ongelykheid bevorder, voorkom.

6 Die verskaffing van makro-ekonomiese stabiliteit

Die tradisionele beleidsadvies het gefokus op die behoefte aan makro-ekonomiese stabiliteit. Ekonomieë met beter stabiliteit slaag daarin om beter groei te hê, met ŉ verdere bevordering van welstand. Makro-ekonomiese stabiliteit behels die bestuur van beleide om die ekonomie gelyklastig te hou en aandag te skenk aan die langertermyn implikasies van vandag se beleidsaksies, om sodoende fiskale en finansiële volhoubaarheid te verseker. Lande behoort tydperke van sterk groei te gebruik om fiskale hulpbronne op te bou sodat hulle in die posisie is om hierdie medisyne te gebruik soos die behoefte hom voordoen. Tog, terwyl langtermyn fiskale dissipline belangrik is, en tradisionele ekonomieë korrek is in die beklemtoning hiervan, het beleidmakers dikwels opgeëindig in die oorbeklemtoning van die balansering van die begroting.

Daar moet herken word dat fiskale stimuli en openbare investering dikwels krities is om te ontsnap van stagnasie-strikke en dat hulle veilig is solank skuld versigtig bestuur word en die inflasie-gevolg van monetêre aspekte beperk word. Openbare investering is belangrik om infrastruktuur en groen-tegnologie te bou, waar die voordele te ver die toekoms in lê om private beleggings te lok. Verder kan makro-omsigtige maatstawwe monetêre beleid aanvul om die ontwikkeling van borrels te ontmoedig, om potensieel onstabiele kapitale bewegings te modereer, en om uitermatige opbouing van eksterne laste te voorkom.

7 Die aanspreek van die impak van wêreldwye tegnologie en ongelykheid

In die arena van beleidmaking het ŉ spesiale uitdaging te voorskyn gekom met onlangse vorderings in tegnologie. Nuwe tegnologie skakel die wêreldwye arbeidsmark aanmekaar, wat dit moontlik maak vir werkers in ontwikkelende lande om vir globale markte en verbruikers te werk sonder om uit hul eie land te trek. Hierdie het nuwe geleenthede vir werkers geskep, maar het terselfdertyd ongelykheid binne nasies vererger. Daar is ŉ toenemende tendens in hoë inkomste-lande om hierdie as ŉ arbeid-teenoor-arbeid-probleem te karakteriseer, ŉ probleem waar die belange van werkers in gevorderde lande gestel word teen die belange van werkers in ontwikkelende lande. Hierdie is ongunstig. Wat oorgesien word, is dat hierdie, in realiteit, meestal ŉ arbeid-teenoor-kapitaal-probleem is. Outomatisering, die groei in robotika en die globalisering van die arbeismark verplaas nie net arbeid nie, dit vervang die verdienstes van werkers met hoër winste vir korporasies en die eienaars van masjiene. Hierdie gevolge is ŉ bekommernis wat aangespreek moet word sonder om hierdie te omskep in ŉ globale arbeid-teenoor-arbeid-worsteling.

Hierdie skep drie beleidkompulsies. Eerstens moet ons in mensekapitaal belê en vaardighede verbeter op wyses wat tegnologie komplimenteer en sodoende arbeidsinkomste verbeter, tesame met die opgang van tegnologie. Tweedens moet ons nuwe instrumente van

inkomsteoordragte binne nasies skep. Die val in die aandeel van lone in BBP moet nie hanteer word as ŉ onvermydelike gevolg van die opgang in tegnologie nie. Regerings met stelsels van belasting en winsdeling skep om hierdie ekwivalensie te breek, en hulle moet die reëls van die spel skep – soos die sterk handhawing van mededingingswette en arbeidswetgewing – wat werkers se onderhandelingkrag verbeter en aan hulle ŉ sterker stem in die samelewing en binne ondernemings gee. Laastens skep hierdie ŉ spesiale behoefte vir multi-land-beleidmaking. Dit plaas ŉ verantwoordelikheid op multilaterale instellings om beleidsharmonisering regoor nasies aan te moedig en om beleide te promoveer wat kognisie neem van die belange van nie net die ryk, geïndustrialiseerde nasies nie, maar ook ontluikende ekonomieë, wat dikwels ontneem word van hul stem gedurende internasionale besluitneming.

8 Sosiale norme en ingesteldheid maak saak

Baie tradisionele ekonomieë het sosiale norme en ingesteldhede hanteer as aspekte met min gevolge vir ons ekonomiese lewens. ŉ Groeiende neiging in navorsing toon dat hierdie nie geval is nie. Ons waardes en kultuur is nie net in hulself belangrik nie, hulle affekteer ook hoe ŉ ekonomie presteer. ŉ Samelewingwaarin mense mekaar vertrou doen beter as een waarin mense mekaar nie vertrou nie. Dieselfde stel opsies, wanneer hulle verskillend aan mense voorgelê word, in verskillende volgorde of met verskillende verstek-opsies, kan ŉ verskil maak aan wat mense kies. Regerings het nodig om te begin om hierdie nuwe insigte en instrumente te gebruik om hul programme en dienste meer effektief te bestuur. Privaatsektor-ondernemings en -korporasies gebruik lank reeds en ontgin dikwels hul kennis van meslike psigologie en sosiale geaardhede om hul eie belange en winste te bevorder. Indien regerings onderrig en gesondheidsdienste effektief wil lewer en belasting billik invorder, moet ons gevorderde begrip van sosiale norme bewustelik by beleidmaking geïntegreer word in die strewe na die gemene goed. Sosiale norme en ingesteldhede kan ook ŉ belangrike rol speel in die ontworteling van korrupsie. Hierdie is een area waar die konteks-spesifisiteit van nasies veral belangrik is, aangesien norme en ingesteldhede produkte is van elke samelewing se geskiedenis en ervaring.

9 Wêreldwye praktyke en die verantwoordelikheid van die internasionale gemeenskap

Globale magte omlyn toenemend die ontwikkelingsbeleidsopsies wat aan nasionale regerings beskikbaar is. Hulle lê beperkings en geleenthede voor, en word dikwels self, daarteenoor, bepaal deur die aksies van ander lande.

Monetêre beleid in hoë inkomste-nasies affekteer die vooruitsigte vir kapitaalvloei na ontwikkelende lande. Finansiële regulerende beleide in ryk lande, hoewel dit in die eerste plek hierdie lande affekteer, het uiteindelik ook ŉ impak op ontluikende en ontwikkelende ekonomieë soos duidelik geïllustreer deur die finansiële krisis van 2008. Beleide en regulasies op belastingparadyse affekteer die kapasiteit van alle lande, en veral lae inkomste-lande, om inkomste te genereer om hul beleide vir inklusiewe en volhoubare ontwikkeling te finansier. Handelsbeleide van die een nasie affekteer die uitvoermoontlikhede van ander. Migrasiebeleide in hoë inkomste-lande affekteer die moontlikhede vir burgers van lae inkomste-lande om hulself te verbeter en, sodoende, deur oormaking en kennisoordrag, help met ontwikkeling van hul eie tuislande. In alle sulke gevalle het elke land in vandag se

geglobaliseerde wêreld ŉ kollaterale impak op ander. As sodanig het alle lande ŉ verantwoordelikheid om verantwoordelikheid te neem en om ontwikkelingsgeleenthede vir die mees ontneemde burgers van die wêreld te bevorder.

Ooreenkomste en instellings wat strek oor verskeie lande is van groot belang in die aanspreek van die mees drukkende probleme van ons tyd. Tog is hierdie die ooreenkomste en instellings wat op die oog af blyk die moeilikste is om te vestig en te handhaaf. Terwyl die Paris Agreement oor klimaatsverandering ŉ goeie begin verteenwoordig, wag die wêreld op die implementering van verpligtinge ten opsigte van emissies deur alle lande, en op die finansiering van hulp deur hoë inkomste-lande vir klimaatsveranderingpogings – beide mitigering en implementering – deur lae inkomste-lande. Onlangse jare het ŉ afname gesien in ontwikkelingshulp vanaf konvensionele bronne en ŉ proliferasie van nuwe bilaterale en multilaterale ontwikkelingsinstellings, om nie eers te praat van die ewig ontduikende doelwit van die behaling van die 0.7%-doelwit vir amptelike ontwikkelingshulp wat dekades gelede deur die wêreldgemeenskap belowe is nie. Die internasionale gemeenskap het ŉ verantwoordelikheid om te verseker dat hulp na ontwikkelende lande gerig word, sowel as gemarginaliseerde groepe binne hulle, en dat ontwikkelende lande beter verteenwoordig word in die regeringstrukture van internasionale instellings, wat daarteenoor sal verseker dat internasionale ooreenkomste en konvensies bewus is van die behoeftes van ontwikkelende lande.

10 Die pad vorentoe

Indien lande pragmatiese beleide volg om mark, staat en gemeenskap te balanseer in die aanspreek van ontwikkelende lande, en indien die internasionale gemeenskap saamwerk om die beperkinge van globale magte te verlig en voordeel te trek uit die nuwe geleenthede wat hulself voordoen, sal die tegnologiese vooruitgang wat die wêreld ervaar vertaal word tot vooruitgang in welstand vir almal, insluitend die mees ontneemde. Ons kan ŉ wêreld met gedeelde voorspoed behaal. Die foute en suksesse van die verlede suggereer ŉ stel beginsels waarom sulke beleide op die nasionale en globale vlak geformaliseer kan word. Dit is nou die tyd om hierdie beginsels stelselmatig toe te pas op die ontwerp van ekonomiese beleide vir ontwikkeling.